



# ***N.G. Gemeente Oudtshoorn*** ***Welgeluk***

**Posbus 762, Oudtshoorn, 6620**

**Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn**

**GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000**

**VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk**

## **Beste Lidmaat**

### **Nuusbrief: N.G. Oudtshoorn-Welgeluk: 12 April 2020.**

Hieronder is die besonderhede van Sondag se Erediens en ander algemene inligting.

Soos reeds aan u gekommunikeer is daar besluit, dat gegewe die Koronavirus pandemie, daar geen formele eredienste by N.G. Oudtshoorn-Welgeluk sal wees, tot ten minste na die einde van April, soos deur wetgewing vereis.

Die eredienste word wel vooraf opgeneem en word op You tube, Soundcloud en Facebook gelaai en benewens dit sal u elke Vrydag die betrokke skakels na die opnames v.d. eredienste via e-pos, en/of whatsapp ontvang

Die erediens van 12 April 2020 se onderskeie skakels is soos volg:-

Youtube

<https://youtu.be/VxgdV06z3mk>

Facebook live

<https://www.facebook.com/NGGemeenteOudtshoornWelgeluk/videos/2503542443244674/>

en net vir die klankbaan op "Soundcloud"

<https://soundcloud.com/user-614749129/klankbaan-erediens-12-april-2020-welgeluk>

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – [ajpotgieter@telkomsa.net](mailto:ajpotgieter@telkomsa.net)

Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – [bertinemalan@gmail.com](mailto:bertinemalan@gmail.com)

Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00

E-pos adres: [ngwelgeluk@telkomsa.net](mailto:ngwelgeluk@telkomsa.net) [www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za](http://www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za)

Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

## Besonderhede van die ereadiens is soos volg:

Erediens op Youtube: 12 April 2020

Prediker: Ds. Andries Potgieter

Teks: Matteus 28:1-10

Tema: Die Here het opgestaan

1. Na die sabbatdag, toe dit die Sondagmôre begin lig word, het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf gaan kyk.
2. Skielik was daar 'n geweldige aardbewing. 'n Engel van die Here het van die hemel af gekom, na die graf toe gegaan, die klip weggerol en daarop gaan sit.
3. Sy voorkoms was so blink soos weerlig en sy klere so wit soos sneeu.
4. Van skrik vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword.
5. Toe sê die engel vir die vroue: "Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is.
6. Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het.
7. Gaan gou en sê vir sy dissipels: 'Hy is uit die dood opgewek, en Hy gaan julle vooruit na Galilea toe.
7. Daar sal julle Hom sien.' Dit is wat ek vir julle moes sê."
8. Hulle het toe haastig van die graf af weggegaan, bang maar baie bly, en hulle het gehardloop om dit aan die dissipels te vertel
9. Skielik het Jesus daar voor die vroue gestaan en hulle gegroet. Hulle het nader gekom, sy voete gegryp en Hom aanbid.
10. Toe sê Jesus vir hulle: "Moenie bang wees nie. Gaan sê vir my broers hulle moet na Galilea toe gaan, en daar sal hulle My sien."

Ons bid vir die volgende sake:-

- uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg geraak word deur die voortslepende droogte asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;
- maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar;
- moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië.

- in die besonder die korona-virus pandemie.
  - o Sodat die virus nie verder sal versprei nie
  - o Herstel en genesing vir dié wat reeds geïnfekteer is
  - o Vrede en troos vir diegene wat geliefdes verloor het
  - o Al die gesondheidspersoneel
  - o Wysheid vir die regering wat die uitbreek van die virus moet bestuur

Ons gaan elke Sondag 09:00 die kerkklok lui as teken dat ons gelowiges oproep om saam te bid en die erediens by hul huise te luister. Onthou asb daar is nie 'n erediens by die kerkgebou nie. Ons hou by die reëls van die inperking. Baie dankie vir u samewerking in die verband.

## **Ons Webtuiste en Facebookblad!**

Die skakels is:

<http://www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za/>

<https://www.facebook.com/NgGemeenteWelgelukOudtshoorn.>

U word ook vriendelik uitgenooi om ons eie webtuiste asook Facebook blad te besoek deur op bogenoemde volgende skakels te "click". Dit is nie 'n vereiste om 'n Facebook lid te wees om toegang tot die blaaie te verkry nie!! Toeganklik vir 'n ieder en elk!! U is ook welkom om u vriende na die blaaie te nooi.

Om maklik op Oudtshoorn-Welgeluk se webtuiste uit te kom of om na vorige preke te kyk. "Click" net op die "kom meer te wete" blokkie bo aan die Facebook blad en u sal na ons webtuiste geneem word. Vorige erediens kan daar onder media by video's gesien word. Daar is al meer as een honderd preke daar op rekord.

Voorstelle en kommentaar op die blaaie, asook die nuusbrieff is welkom. Dit kan gedoen word deur net op die E-pos te antwoord.

Dit staan u ook vry om die e-pos na u e-pos kontakte of vriende en familie aan te stuur.

Sou u vir die een of ander rede nie die weeklikse nuusbrieff elektronies wil ontvang nie, kan u die kerkkantoor met so 'n versoek e-pos, by [ngwelgeluk@telkomsa.net](mailto:ngwelgeluk@telkomsa.net) waarna u naam van die e-pos verspreidingslys verwyder sal word.

Welgeluk Groete !

Andries Potgieter  
084 514 2178